ATKV-betrekkings

ATKV-hoofkantoor

Retensiekonsultant

Die ATKV is ’n dinamiese en snelgroeiende Afrikaanse kultuurorganisasie en het ’n vakature vir ’n gekwalifiseerde persoon om as retensiekonsultant by die ATKV-hoofkantoor in Randburg diens te verrig.

Die retensiekonsultant is verantwoordelik daarvoor om ledenavrae en -klagtes op ’n bevoegde, doeltreffende en professionele wyse te hanteer aan die hand van kwaliteitstandaarde en ooreenstemmend met die waardes van die ATKV.

Die ATKV volg ’n gelyke-indiensnemingsbeleid.

Vereistes

- ’n Matrieksertifikaat of ekwivalent.
- Moet bekend wees met IMIS of soortgelyke CRM.
- Moes al voorheen vir ’n minimum van twee jaar in ’n retensierol gewerk het.
- Moes al voorheen vir ’n minimum van twee jaar in ’n kontaksentrum gewerk het.
- Moes al voorheen dienste (en nie produkte nie) verkoop het.

Persoonlike vaardighede

- Verkope- en kliëntediensgeoriënteerd
- Kan inisiatief neem
- Is nie bang om ongemaklike gesprekke te hanteer nie
- Kwaliteitgeoriënteerd
- Entoesiasties
- Loop die ekstra myl
- Aanpasbaar
- Beskik oor ’n hoë toleransie vir stres
- Uitstekende probleemoplossingsvermoë
- Hoogs gemotiveerd
- Uitstekende onderhandelingsvermoë

Vernaamste verantwoordelikhede

- Die hantering van baie moeilike oproepe.
- Om seker te maak dat lede deel bly van die ATKV-familie.

As jy graag hierdie pos wil beklee, stuur jou volledige CV aan:

ATKV-betrekkings by betrekkings@atkv.org.za
ATKV, Posbus 4586, Randburg, 2125

Aansoeke moet die ATKV voor **06 Mei 2022** bereik.
Gebruik asseblief as verwysing: **HKRETENSIE02**

Indien jy 4 weke ná die sluitingsdatum nog nie van die ATKV gehoor het nie, was jou aansoek onsuksesvol.